

VAN HIER TOT DAAR - 05*

Siyavula Uploaders

This work is produced by The Connexions Project and licensed under the
Creative Commons Attribution License †

1 AFRIKAANS HUISTAAL

2 Van hier tot daar

3 OPVOEDERS AFDELING

4 Memorandum

INLEIDING

Die Graad 2-opvoeder moet voortbou op die werk wat in Graad 1 gedoen is ten opsigte van die Huistaal. Dit is daarom noodsaaklik dat die opvoeder vertroud sal wees met elke leerder se vermoë om die Huistaal te gebruik. ‘n Vertrekpunt moet volgens die leerders se vorderingsverslag, profiel en portefeuiljes bepaal word alvorens met Graad 2-modules begin word. Indien nodig moet die nodige aanpassings gemaak word.

Tydskedule

Daar word voorgestel dat ongeveer twee modules per kwartaal voltooi word. Die opvoeder moet haar deur die leerders laat lei aangesien die vinnige werkers gouer deur die modules sal werk terwyl die stadige werkers heelwaarskynlik meer tyd sal nodig hé.

Die bladsye vir die opvoeder wat by elke module aangeheg is, word nie aan die leerders uitgedeel nie.

- **LUISTER, PRAAT, LEES EN SKRYF**

Themba en Thandi is baie opgewonde oor die lentedag-feesvieringe wat by die skool gehou gaan word. Almal word aangemoedig om blomme skool toe te bring. Daar word ‘n piekniek, hoedeparade, pannekoekfees, atletiekbyeenkoms en ‘n filmvertoning gehou.

Hierdie aktiwiteite leen hulself tot besprekings oor seisoene, die maak van lenteprrente (Lewensoriëntering – Kuns), ‘n eie gedig te skryf, interessante toebroodjies en mariebeskuitjies te maak (Tegnologie), te praat oor gesonde kossoorte en springmielies te maak (Tegnologie).

- **KLANKE EN WOORDBOU**

-rg, -rm, -rp, -rf, -rs, -rt en -ts word in konteks aangeleer en leerders speel ‘n klankspeletjie om hierdie klanke te hersien.

- **SKRIF**

Die eerste vyf aaneenlopende skrifpatrone en die letters wat by elkeen pas, word aangeleer.

*Version 1.1: Jul 4, 2009 11:20 am -0500

†<http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/>

m	i	t	ps	
m	m	m	r	,
u	u	v	w	,
e	e			
ll	l	b	h	

Table 1

5 LEERDERS AFDELING

6 Inhoud

6.1 Woordbou

- Hierdie woorde eindig met “ts”.
- Klank die woorde.
- Lees die woorde.
- Leer die woorde.

- Skryf die woorde:

-
.....
.....
.....
• Maak sinne met die woorde:
-
.....
.....

LU 3.4		LU 4.6		LU 4.7	
--------	--	--------	--	--------	--

Table 2




Figure 1

LU 4.1

Table 3

- Lees van . . . die pannekoekfees
 - Verdeel eers in groepe.
 - Bespreek hoe dink julle het die pannekoekfees by die skool verloop.
 - Elkeen moet 'n beurt kry om te praat.
 - Hier is 'n paar idees om julle te help.




Figure 2

- Skryf nou jou eie storie oor “Ons hou ‘n pannekoekfees.” Dink aan die begin, die middel en die einde.
 - Lees dit weer deur en kyk of jy al die hoofletters en punte onthou het.
 - Lees dit nou aan die klas en vra vir jou maats hoe jy dit kan verbeter.
 - Skryf jou storie oor en voeg die nuwe idees by sodat jou storie interessant is.

LU 2.4

Table 4

- Skryf jou storie.

LU 4.2	LU 4.4	
--------	--------	--

Table 5

6.2 Spelspeletjie

- Speel met 'n maat.
- Gooi die dobbelsteen.
- = eerste kolom, 2 = tweede kolom, ens.
- Neem beurte om 'n woord in die regte kolom te skryf.
- Die een wat eerste drie woorde in elke kolom reggeskryf het, is die wenner.

1.	2.	3.	4.	5.	6.
-rg	-rk	-rm	-rp	-rf	-rs

Table 6

LU 3.4	
--------	--

Table 7

7 Assessering

Leeruitkomste 2:PRAAT: Die leerder is in staat om vrymoedig en doeltreffend in gesproke taal binne 'n wye verskeidenheid situasies te kommunikeer.

Assesseringstandaard 2.4: Dit is duidelik wanneer die leerder deelneem aan klas- en groepbesprekings:

Leeruitkomste 3:LEES EN KYK: Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.

Assesseringstandaard 3.4: Dit is duidelik wanneer die leerder klankbewustheid ontwikkeld:

Leeruitkomste 4:SKRYF: Die leerder is in staat om verskillende soorte feitelike en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doeleindes te skryf.

Assesseringstandaard 4.1: Dit is duidelik wanneer die leerder toenemend leesbaar skryf:

Assesseringstandaard 4.2: Dit is duidelik wanneer die leerder pre-skryfstrategieë gebruik om 'n skryfstuk te begin:

Assesseringstandaard 4.4: Dit is duidelik wanneer die leerder skryfstukke hersien:

Assesseringstandaard 4.6: Dit is duidelik wanneer die leerder woordeskataloge opbou en woorde begin spel sodat ander dit kan lees en verstaan;

Assesseringstandaard 4.7: Dit is duidelik wanneer die leerder gepaste grammatikale strukture en skryfkonvensies gebruik en skryf sodat ander kan verstaan.